higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N5
(Tweede vraestel)

(10010525)

8 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–14:00

BENODIGDHEDE: Eie tekenpapier
Kunsmediums

Hierdie vraestel bestaan uit 3 bladsye en 3 addenda.

196Q2B2008

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 5 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Kandidate moet hul eie tekenpapier, karton (A3), kleurmediums en ander benodigdhede verskaf soos in ADDENDA C en D van die Eerste Vraestel uiteengesit is.

6. Kandidate mag nie enige modesketse in die eksamenlokaal inneem nie.

7. Pas die instruksies vir AFDELING A (soos in ADDENDA C en D van die Eerste Vraestel voorsien) op AFDELING B toe.

8. Kandidate word nie toegelaat om enige modesketse wat vooraf deur hulself of iemand anders geteken is, te gebruik nie. Alle modesketse moet tydens die eksamensessie geteken word.

9. Die croquis wat verskaf word mag gebruik word.

10. Kanidate moet alle sketse in 'n afsonderlike koevert plaas om dit te beskerm en netjies te hou.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A is in ADDENDA C en D van die Eerste Vraestel verskaf.

AFDELING B

Jy is versoek om die tema, 'Die verlede, die toekoms en die hede', as inspirasie te gebruik om 'n reeks tradisionele damesdrag vir 'n modeparade wat by die Mapungubwe erfenisterrein aangebied gaan word, te ontwerp. Gebruik al die inligting wat jy oor die tema versamel het om die vrae te beantwoord.

VRAAG 1

Gebruik al die geskrewe inligting, tydskriffoto's, bykomstighede, materiaalmonsters en enige ander benodigdhede wat jy versamel het om die inspirasiebord oor die gegewe tema te maak. Rond die inspirasiebord af deur dit netjies op karton te monteer. Hou al die vereistes vir 'n goeie inspirasiebord in gedagte. **[100]**

VRAAG 2

Maak 'n voorleggingsbord met TWEE uitrustings wat op die tema gebaseer is. Gebruik die inspirasiebord in VRAAG 1 as inspirasie vir jou reeks. Sluit alle bykomstighede in wat saam met elke uitrusting gedra moet word. Toon die voor- en sy-aansigte. Gebruik enige kleurmedium(s) van jou keuse. Monteer die voorleggingstekeninge netjies op karton vir 'n professionele afronding. Hou al die vereistes vir 'n goeie voorleggingsbord in gedagte. **[100]**


VRAAG 3

Maak produksietekeninge van TWEE uitrustings op die inspirasiebord om die fyner detail aan die partroon- en monstermakers te verduidelik. Toon die voor- en rugaansigte. Monteer die produksietekeninge netjies op karton vir 'n professionele voorkoms. Hou al die vereistes vir goeie produksietekeninge in gedagte. **[100]**

TOTAAL: 300


Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A




Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B



ADDENDUM C



Kopiereg voorbehou